



LANDBOUBESTUURSPRAKTYKE

Tyd: 3 uur

200 punte

LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR

1. Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye en 'n Antwoordblad van 3 bladsye (i – iii). Beantwoord AL die vrae.
 2. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings.
 3. Maak die Antwoordblad in die middel van die vraestel los en maak seker dat dit saam met die Antwoordboek ingelewer word.
 4. Afdeling A moet op die aangehegte Antwoordblad beantwoord word.

Afdeling B moet in die Antwoordboek beantwoord word, behalwe vir Vraag 3.6 en Vraag 4.2.1 wat op die Antwoordblad beantwoord moet word.
 5. Lees AL die vrae noukeurig en maak seker dat jy net beantwoord wat gevra word.
 6. Begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.
 7. Nommer die antwoorde soos die vrae in die vraestel genommer is.
 8. Nieprogrammeerbare sakrekenaars mag gebruik word.
 9. ALLE berekeninge moet tot TWEE desimale afgerond word, tensy ander vermeld.
 10. Dit is in jou eie belang om leesbaar te skryf en jou werk netjies aan te bied.
-

AFDELING A**VRAAG 1**

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae voorsien. Kies die antwoord en maak 'n kruis (X) in die blok (A – D) langs die vraagnommer (1.1.1 – 1.1.10) op die aangehegte ANTWOORDBLAD.

1.1.1 'n Bestuursbeginsel wat gebruik word om te verseker dat daar geen oorvleueling van take op die plaas is nie, is ...

- A beplanning.
- B organisering.
- C koördinerings.
- D evaluering.

1.1.2 Een van die volgende grondverbouingspraktyke dra NIE by tot die optimale gebruik van die grond nie:

- A Wisselbou
- B Tussenverbouing
- C Monokultuur
- D Bedekking

1.1.3 Die klimaatsfaktor wat die grootste invloed op biologiese prosesse in landbouproduksie het, byvoorbeeld die blomstadiums van gewasse of die voortplantingsiklusse van lewende hawe, is ...

- A wind.
- B die lengte van die dagligtydperk.
- C humiditeit.
- D reënval.

1.1.4 'n Boer het in 'n verwerkingseenheid op sy plaas belê. Die hoofdoel van hierdie verwerkingseenheid is om ...

- A bestuur vir die boer te verhoog.
- B inkomste vir hierdie plaas te verhoog.
- C by verbruikersvoorkeure te bly.
- D arbeidsbetrokkenheid te verhoog.

1.1.5 Om voedselsekerheid te verseker vir huishoudings in landelike gebiede met baie min hulpbronne, kan 'n hoofman die volgende boerderystelsel beoefen:

- A Intensiewe boerdery
- B Bestaansboerdery
- C Kommersiële boerdery
- D Grootskaalse boerdery

1.1.6 Die ... dui 'n posisie aan waar die hoeveelheid van 'n produk wat verbruikers verlang, presies gelyk is aan die hoeveelheid wat produsente wil verkoop.

- A markwaarde
- B markewewig
- C marknis
- D markpenetrasie

1.1.7 Die rede waarom 'n gesondheidsagent karkasse by 'n abattoir inspekteer, is om die ... te bepaal.

- A graad van die karkasse
- B gewigsverlies van die karkasse tydens rypwording
- C vetinhoud van die karkasse
- D karkasse se vryheid van enige plaes of siektes

1.1.8 Die boerderykoste wat onveranderd bly vir 'n spesifieke produksieproses, ongeag die volume produkte wat geproduseer word, byvoorbeeld waardevermindering, huur en rente:

- A Vaste koste
- B Vraagkoste
- C Veranderlike koste
- D Aanbodkoste

1.1.9 'n Tipiese voorbeeld van plaaswerk wat met seisoenale arbeid geassosieer word, is ...

- A die voer van diere twee keer per dag.
- B daaglikse instandhoudingswerk.
- C die oes van 'n jaarvruggewas.
- D die oprigting van 'n nuwe veehanteringsfasiliteit waarna die plaas verlaat word.

1.1.10 Die Wet op Landbouprodukstandaarde, 1990 (Wet 119 van 1990) beheer die ...

- A gradering van verwerkte produkte.
- B stowwe wat tydens verwerking by voedsel bygevoeg mag word.
- C perseel waar verwerking sal plaasvind.
- D etiketvereistes vir verwerkte voedsel.

(20)

- 1.2 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by 'n term in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–L) langs die vraagnommer (1.2.1 – 1.2.10) op die aangehegte ANTWOORDBLAD, byvoorbeeld 1.2.11 M. Elke beskrywing in KOLOM B mag slegs EEN KEER gebruik word.

KOLOM A	KOLOM B
1.2.1 Kalibrasie	A Lewende hawe is 'n voorbeeld
1.2.2 Gradering	B Verhitting van 'n produk tydens verwerking om alle patogeniese mikroörganismes te verwyder en die raklewe daarvan te verleng
1.2.3 Las	
1.2.4 Rotasiebeweiding	C 'n Kunsmatige weiveld wat met twee tipes grasse beplant word
1.2.5 Sterilisasie	D Die gebruik van verskillende kampe vir dieselfde groep diere gedurende die jaar
1.2.6 Grondtekstuur	E Die gedeeltelike vervanging van arbeid deur kapitaalinvesterings wat lei tot 'n afname in arbeid
1.2.7 Beheerde bemerking	F Pryse van landboupprodukte is deur die beheerrade bepaal
1.2.8 Roerende kapitaal	G Die mees ekonomiese bron van dierevoer
1.2.9 Natuurlike weiding	H Die grootte van gronddeeltjies
1.2.10 Meganisasie	I Bepaling van die vetinhoud van 'n karkas
	J Stel spreiers om die korrekte hoeveelheid onkruidsdoder te lewer
	K Afgelei uit gronddata en grondinligting
	L Rekeninge wat aan die einde van die maand deur die boer betaal moet word

(20)

1.3 Gee die korrekte landbouterm vir elkeen van die volgende beskrywings. Skryf slegs die term langs die vraagnommer (1.3.1 – 1.3.10) op die aangehegte Antwoordblad. Byvoorbeeld, 1.3.11 Filtrasie.

- 1.3.1 Die hoeveelheid van 'n landbouproduk wat 'n produsent op die mark lewer teen 'n spesifieke prys
- 1.3.2 'n Vorm van kapitaal wat die plaasbestuurder sal benut om saad voor die plantseisoen te koop
- 1.3.3 Grasbanke wat strategies op skuins bewerkbare grond geplaas word om gronderosie te voorkom
- 1.3.4 Die vermoë van grond om vog te behou vir plante om te groei
- 1.3.5 Die lewendehawe-boerderystelsel wat op 'n groot plaas met minimum insetkoste beoefen word
- 1.3.6 Die totale bedrag geld wat in een seisoen deur 'n boerdery-onderneming voortgebring word
- 1.3.7 Die bemarking van plaaslike produkte op markte onder lande soos Engeland en Zimbabwe
- 1.3.8 Die verandering in waarde van 'n trekker oor 'n tydperk vanweë slytasie
- 1.3.9 'n Omvattende plan wat vir 'n boerdery-onderneming ontwikkel word wat gebruik kan word om 'n lening by 'n kommersiële bank te verkry
- 1.3.10 Die verandering van 'n boerdery-onderneming om mense te akkommodeer wat die plaas gereeld besoek om hulle aan landboubedrywighede bloot te stel

(10)

50 punte

AFDELING B**VRAAG 2 PLAASBEPLANNING**

Begin hierdie vraag op 'n NUWE bladsy.

- 2.1 Bespreek DRIE faktore wat die tipe tegnologie sal bepaal wat 'n boer vir 'n plaas sal benodig. (3)

2.2

BOER A

Boer A is 'n saaiboer wat een van 42 boere in Suid-Afrika is wat Gesertifiseerde Billikehandel-produkte produseer. Die produkte is vir die Europese uitvoermark bestem. Produksie op die plaas steun gedeeltelik op besproeiing.

BOER B

Boer B is 'n jong veeboer wat lewende hawe van goeie gehalte produseer. Die boer verskaf produkte slegs vir die huishouding. Die lewende hawe op die plaas word op natuurlike weivelde gehou en kry minimale bykomende voer.

Onderskei tussen die tipes boere en die boerderystelsels wat deur die twee scenario's verteenwoordig word deur die tabel hieronder oor te trek en in jou Antwoordboek te voltooi. (8)

	BOER A	BOER B
Doel van boerdery-onderneming		
Rede		
Vlak van intensiteit van boerderystelsel		
Rede		

- 2.3 Grond is die boer se basiese hulpbron, aangesien dit die produksie van plante en diere ondersteun. Die byvoeging van organiese materiaal by die grond is een van die maniere om grond te bewaar en te verbeter.

Noem VIER maniere waarop organiese kunsmis tot die fisiese verbetering van die grond kan bydra. (4)

- 2.4 'n Boer beplan om 'n bykomende boerdery-onderneming op die plaas bekend te stel en probeer bepaal watter onderneming die winsgewendheid van die plaas sal verhoog.

Formuleer VYF vrae wat die boer moet oorweeg wanneer die geskikste onderneming bepaal word. (5)

2.5

Cindy is 'n plaaswerker op die Petersens se plaas. Sy is nie 'n voltijdse arbeider nie, maar sy is aangestel om in spitsye te help, wat op dieselfde tyd elke jaar op die plaas voorkom. Haar man Patrick is net aangestel om die beskadigde bates op die plaas te herstel wanneer dit nodig is.

Interpreteer die scenario hierbo en beskryf die tipe tydelike arbeid wat onderskeidelik deur Cindy en Patrick verteenwoordig word. (2)

- 2.6 Beskou die foto's en die scenario hieronder wat na die produksie-aspekte van 'n grootskaalse verbouingsonderneming verwys.



Michael is die plaasbestuurder verantwoordelik vir 800 ha gewasse, wat tans geoes word. Gedurende die groeiseisoen het hy die globale posisioneringstelsel (GPS), wat op die trekker geïnstalleer is, gebruik om die presiese plantligging tot binne een meter aan te dui. Die trekker is ook toegerus met 'n geografiese inligtingstelsel (GIS) wat die oppervlakte in die land aangedui het waar die grond klam was en waar daar faktore was wat gewasgroei beperk het. Die afstandbespeuringsdata is opgelaaai om te toon waar die ontkieming van nuwe gewasse reeds suksesvol plaasgevind het en oppervlakte waar groei belemmer is. Michael het hierdie inligting direk van die afstandbespeuringstoestel na die aanboordrekenaar gestuur, wat die toediening van kunsmis en plaagdoders outomaties bygewerk en gereguleer het sodat net die regte hoeveelhede op die land toegedien is op die presiese oppervlakte waar hulle nodig was.

[Aangepas en vertaal uit: Earth observatory. www.earthobservatory.nasa.gov/study/PrecisionFarming]


- 2.6.1 Identifiseer die intensiewe boerderystelsel wat in die scenario hierbo beskryf word. (1)
- 2.6.2 Identifiseer VIER tegnologiese hulpmiddels wat by die plant van gewasse gebruik word volgens die inligting uit die scenario hierbo. (4)
- 2.6.3 Noem VIER voordele van die gebruik van die tegnologiese hulpmiddels wat in Vraag 2.6.2 genoem is. (4)

2.7

'n Kleinskaalse kommersiële boer is afhanklik van natuurlike reënval vir lewendehawe- en gewasproduksie. Natuurlike weiding vorm 'n belangrike bron van die voeding vir die diere. Die boer bestuur die natuurlike weiding op so 'n manier dat dit die hoogste moontlike opbrengs op hierdie gemengde boerdery-onderneming sal lewer. Die weinorme wat vir elke weiveldtipe bepaal is, moet nagekom word. Een manier om dit te bewerkstellig is om die plaas in kampe te verdeel. 'n Verdere uitdaging vir hierdie boer is dat 30% van die oesland deurdrenk is.

- 2.7.1 Noem VIER kenmerke wat gebruik kan word om natuurlike weivelde te klassifiseer. (4)
- 2.7.2 Beskryf DRIE redes vir die verdeling van weivelde in kampe. (3)
- 2.7.3 Formuleer DRIE maniere om die probleem van deurdrenking in die oeslande op te los. (3)

- 2.8 Verwys na die grafiek hieronder wat die effek van temperatuur op gewasgroei in 'n kweekhuis illustreer.



- 2.8.1 Verduidelik die effek van verskillende temperature op gewasgroei wat op die grafiek hierbo getoon word deur na die minimum, optimale en maksimum temperatuur te verwys. (3)
- 2.8.2 Bepaal die volgende uit die grafiek hierbo:
- (a) Gewasgroeitempo teen 'n temperatuur van 14°C. (1)
- (b) Die temperature waarby gewasse teen 'n tempo van 40 mm/dag sal groei. (2)
- 2.8.3 Die maksimum temperatuur wat op die grafiek aangedui word, blyk te hoog te wees vir plantegroei. Noem DRIE maniere om sulke hoë temperature te beheer. (3)

[50]

VRAAG 3 **ENTREPRENEURSKAP, OPTEKENING, BEMARKING EN BESIGHEIDSBEPANNING**

Begin hierdie vraag op 'n NUWE bladsy.

3.1 Baie boere in Suid-Afrika verkies steeds betaling per tjek vir boerdery-uitgawes.

3.1.1 Noem VIER alternatiewe betaalmetodes afgesien van die gebruik van die tjekbetaalopsie. (4)

3.1.2 Bewys van betaling word as brondokumente gebruik en in die joernaal vir die produksie-onderneming ingeskryf.

Dui VIER data-items aan wat nodig is om die joernaal te voltooi en wat op die brondokumente weerspieël moet word. (4)

3.2 Verskaf SES redes vir die hou van plaasrekords. (6)

3.3 Teken die tabel hieronder oor om die volgende elemente van 'n begroting te tabuleer. Gee 'n kort beskrywing en 'n voorbeeld van elke element. (6)

ELEMENT VAN BEGROTING	BESKRYWING	VOORBEELD
Hulpbronne		
Insette		
Parameters		

3.4 Die kontantvloei van 'n landbouproduksie-onderneming is oor 'n volle seisoen bereken.

3.4.1 Verduidelik die begrip *kontantvloei*. (2)

3.4.2 Beskryf die TWEE hooffaktore wat vir 'n negatiewe kontantvloeisituasie in 'n boerdery-onderneming verantwoordelik kan wees. (2)

- 3.5 'n Veeboer het die balansstaat hieronder vir die tydperk geëindig 30 September 2014 verskaf.

Balansstaat tot 30 September 2014

BATES	WAARDE
Vaste bates	R630 000
Bedryfsbates	R75 000
Mediumtermynbates	R98 000
TOTALE BATES	R ...
LASTE	WAARDE
Vate laste	R500 000
Bedryfslaste	R45 000
Mediumtermynlaste	R85 000
TOTALE LASTE	R ...
NETTO WAARDE	R ...

- 3.5.1 Beskryf die hoofdoel van die balansstaat kortliks. (2)
- 3.5.2 Gee 'n voorbeeld van 'n vastebate-item. (1)
- 3.5.3 Beskryf 'n *bedryfsbate* en gee 'n voorbeeld van so 'n bate. (2)
- 3.5.4 Formuleer 'n definisie vir die *netto waarde* van 'n boerdery-onderneming. (2)
- 3.5.5 Bereken die netto waarde van hierdie boerdery-onderneming uit die data wat in die balansstaat gegee word. (3)

3.6

'n Kommersiële boer het R42 600 op 28 Desember 2013 vir die verkoop van produkte ontvang, R74 450 op 10 Februarie 2014 en R63 500 vir die laaste voorraad op 10 Mei 2014. Die produksiekoste oor hierdie tydperk was R97 000 en 'n verdere R3 500 is aan bemerking bestee.

- Stel 'n volledige staat van inkomste en uitgawes vir hierdie boer op deur die tabel op die aangehegte ANTWOORDBLAD te gebruik. (8)

3.7

Tydens 'n vakansie in Suid-Amerika het 'n jong boer 'n vanieljeplantasie besoek en geleer van die proses van vanieljeproduksie en -verwerking. Terug in Suid-Afrika het die boer 'n paar vanieljeranke geplant en vanieljepeule aan 'n plaaslike plaasstalletjie begin voorsien. Na 'n paar jaar het die vanieljebedrywigheid gegroei tot 'n bedrywigheid wat groot genoeg is om vanieljepeule aan winkels in die hele provinsie te verskaf.

Identifiseer DRIE kenmerke van 'n entrepreneur wat duidelik is in die scenario hierbo.

(3)

3.8 Om by 'n finansiële instelling aansoek te doen, moet 'n jong boer 'n sakeplan vir 'n boerdery-onderneming voorlê. Beskryf die volgende aspekte van 'n sakeplan kortliks:

3.8.1 Die tipe onderneming (regsentiteit)

(1)

3.8.2 Die finansiële plan van die onderneming

(2)

3.8.3 Die bemarkingstrategie vir die onderneming

(2)

[50]

VRAAG 4 OES, VERWERKING EN BESTUUR

Begin hierdie vraag op 'n NUWE bladsy.

4.1 Daar is twee metodes om 'n gewas te oes, naamlik met die hand en met 'n masjien.

4.1.1 Bespreek VIER faktore wat 'n boer se besluit sal beïnvloed om op die plaas met die hand te oes of om 'n masjien te gebruik. (4)

4.1.2 Bespreek VIER nadele van oes met die hand in terme van die volgende: (4)

- Tydbenutting
- Die oppervlakte gedek
- Arbeidsbenutting
- Gehalte van die oesproduk

4.2 Die tabel hieronder stel die vraag-en-aanbod-skedule vir 'n gewas voor.

Prys (R/kg)	Hoeveelheid aangevra per week (kg)	Hoeveelheid aangebied per week (kg)	Surplus	Tekort
4	600	0		600
8	500	100		400
12	400	200		200
16	300	300		0
20	200	400	200	

4.2.1 Trek 'n lyngrafiek op die aangehegte ANTWOORDBLAD wat die vraag-en-aanbod-skedule van die waardes wat in die tabel hierbo gegee word, voorstel. (5)

4.2.2 Dui die prys van die produk by die markewewigspunt aan. (1)

4.2.3 Verduidelik kortliks die moontlike redes vir die tekort aan die produk in die mark op spesifieke tye. (2)

4.2.4 Ontwikkel twee strategieë wat 'n boer kan gebruik om die probleem van produktekorte op sekere tye soos in Vraag 4.2.3 genoem, te hanteer. Verduidelik elke strategie kortliks. (4)

- 4.3 Die handhawing van die goeie gehalte van geoeste produkte na die oes is baie belangrik wanneer die produk bemark word. Boere kan bergingsfasiliteite, soos die graansilo's wat in die foto hieronder getoon word, oprig om hul oes te bewaar. Produkte word in sulke bergingsfasiliteite geberg waar die omgewing beheer word om skimmel, verrotting en skade deur plae en knaagdiere te voorkom.



- 4.3.1 Noem DRIE omgewingsfaktore wat in sulke bergingsfasiliteite beheer word. (3)
- 4.3.2 Noem enige TWEE organismes of diere wat oesprodukte kan beskadig indien hierdie produkte nie in geskikte bergingsfasiliteite gehou word nie. (2)
- 4.4 Verbruikers verkies om verwerkte landbouprodukte in plaas van onverwerkte landbouprodukte te koop.
- 4.4.1 Verduidelik kortliks DRIE redes vir die bewaring van 'n landbouprodukt. (3)
- 4.4.2 Noem VIER metodes om landbouprodukte te bewaar. (4)
- 4.5 Produsenteorganisasies, soos die Melkprodusenteorganisasie (MPO), Graan SA en selfs boerekoöperasies, help ontlukende boere om hul boerdery-ondernemings te vestig en vol te hou.
- Identifiseer VIER maniere waarop hierdie produsenteorganisasies boere in Suid-Afrika help. (4)
- 4.6 'n Boerdery-onderneming het 'n produktiewe arbeidsmag met 'n hoë vlak van prestasie per werker nodig. Een manier om hierdie doelwit te bereik, is om die plaaswerkers aan te moedig.
- 4.6.1 Noem VYF maniere om plaaswerkers aan te moedig om hul produktiwiteit te verhoog. (5)
- 4.6.2 Ontleed VIER arbeidsprobleme wat deur die landboubedryf ondervind word. (4)
- 4.7 Noem enige VYF noodsaaklike brokkies inligting wat op die etikette van verpakte landbouprodukte moet verskyn. (5)

[50]

150 punte

Totaal: 200 punte